# LES 3 DIE GENADEVERBOND EN DIE WETSVERBOND: DIE KARAKTER VAN DIE WETSVERBOND

**<u>Oefening</u>**: God se verbond is 'n onderneming wat met 'n eed gewaarborg is. Kon julle dit in die volgende dele raaklees?

Psalm 106:43-46; Psalm 111: 3-6; Lukas 1:70-74; Hand. 2:38 en 39.

**1. <u>God bind gelowiges en ongelowiges met twee verskillende verbonde vas.</u>**

God bind alle mense aan Hom vas: sy kinders, maar ook die mense wat nie in Hom glo nie. Christene, Moslems, Hindoes, Boeddhiste, voorvadervereerders, Ateïste en Agnostici – almal is aan God gebind.

Daar is nie 'n mens in die skepping wat nie aan God gebind is nie.

Die wyse waarop God Christene en nie-Christene aan Hom vasmaak, verskil. Christene word aan Hom vasgemaak met sy genadeverbond, maar al die ander mense word aan Hom vasgemaak met sy wetsverbond.

**2. <u>Die profete noem die wets- en genadeverbond die ou en die nuwe verbond</u>**

Jeremia was 'n profeet. Dit is dieselfde tipe werk as 'n predikant. Hy het die Woord van die Here gepreek en op die gevolge van sonde en gehoorsaamheid gewys. Jeremia was tussen die jare 626 v. C. en 597 v. C. Predikant.

Hy wys op die twee verbonde in Jeremia 31: 31 tot 34:

*"Daar kom 'n tyd sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. 32Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte getrek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. 33Dit is die verbond wat ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. 34 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want hulle almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie."*

God het 'n ou en 'n nuwe verbond.

**Die ou – of wetsverbond**

Jeremia sê die nuwe verbond is anders as die een wat die Here met Israel gemaak het toe Hy hulle uit Egipte uitgelei het. Net na die Here hulle uit Egipte gelei het, het Hy hulle na die berg Sinaï geneem. Daar het God vir hulle die verbond van die Tien Gebooie gegee. Die wetsverbond het só gewerk: God sal vir hulle God wees, maar dan moet hulle sy gebooie gehoorsaam. Daarom noem ons hierdie verbond die Sinaïverbond of die wetsverbond.

**Die genadeverbond**

Die Here maak 'n ander en nuwe verbond in die plek van die wetsverbond. In hierdie verbond vergeef die Here hulle sonde sonder om dit te straf, en dink Hy nie eens meer daaraan nie. Jeremia noem die beloftes waardeur God sy kinders genadig is vir hulle sonde, die "nuwe verbond".

Die genadeverbond is dus 'n heel ander tipe verbond as die wetsverbond.

Ons moet baie versigtig wees om dit nie met die Ou Testament en die Nuwe Testament te verwar nie. Die genadeverbond en die Tien Gebooie kom, van begin tot einde, altwee binne-in die Ou Testament én die Nuwe Testament voor.

Die woorde "oud" en "nuut" saam met "Testament", leer ons iets van Jesus Christus. Die Ou Testament gaan oor die Woord van die Here vóór Christus bekend geword het, en die Nuwe Testament gaan oor Jesus Christus wat God se Woord is.

Die "nuwe" en "ou" verbond is heeltemal iets anders. Die "ou verbond" is die verbond van die Tien Gebooie, en die "nuwe verbond" is die verbond van God se genade.

**4. <u>God se wetsverbond werk met "moets" en "asse", dit is, met belonings en strawwe</u>**

Ons kry 'n uiteensetting van die wetsverbond in Deuteronomium 28. Dit is 'n verbond wat met "moets en asse" werk.

- Doen jy wat die Tien Gebooie beveel dan – sal God jou beloon.
- Doen jy nie wat die Tien Gebooie jou beveel nie, – dan sal God jou straf.

**Doen jy wat die Tien Gebooie beveel dan – word jy beloon.**

Dit begin so: *"As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel. 2 "As jy luister na die Here jou God, sal al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk."*

Na hierdie woorde volg 'n lys van al die belonings wat hulle kry as hulle na die Tien Gebooie luister:

- Dit sal met hulle en hulle kinders goedgaan;
- Hulle sal goeie oeste kry;
- Hulle sal welvarend en ryk word;
- Hulle vyande sal verstrooi word;
- Hulle sal kinders van die Here bly;
- God sal dit laat reën.

**Doen jy nie wat die Tien Gebooie jou beveel nie, – word jy gestraf.**

In vers 15 word die straf-deel van die Tien Gebooie-verbond gestel: *"As jy nie luister na die Here jou God nie en jy gehoorsaam nie al sy gebooie en voorskrifte wat ek jou vandag gee, en jy lewe nie daarvolgens nie, sal al hierdie strawwe oor jou kom en jou tref:"*

Dan volg 'n lys van die volgende strawwe:

- God sal dit met stede en plase laat sleg gaan.
- God sal dit met mense se kinders laat sleg gaan.
- God sal alles wat mense aanpak, met verwarring en terugslae tref.
- God sal siektes, droogtes en oorloë as strawwe gebruik teen mense.
- God sal hulle daaraan oorgee om ander gode te dien en te aanbid.

Orals waar ons in die Bybel hierdie strawwe en belonings sien, kan ons weet: hierdie is die ou – of die wetsverbond. Hoe werk die verbond van die wet? Dit is die verbond van aanbod en voorwaardes!

Dit werk altyd so: **God sal as jy…** of **God sal, maar dan moet jy…**

- As jy doen wat die Tien Gebooie jou beveel, sal God jou beloon.
- As jy die Tien Gebooie nie gehoorsaam nie, gaan God jou straf.

Met enige teks in die Ou en Nuwe Testament waar ons hierdie werkswyse kry:

**God sal as jy…** of **God sal, maar dan moet jy…**

kan ons weet dit is die wets- of Sinaïverbond.

**6. Die wetsverbond is 'n kontrak tussen twee partye: God en mens**

Ons kan die wetsverbond ook 'n kontrak noem.

'n Kontrak is altyd iets wat tussen twee mense of groepe is. Jy ontvang, maar jy moet ook gee, anders werk die kontrak nie. Jy kan eise stel, maar dan moet jy ook verantwoordelikhede aanvaar!

Kom ons kyk na 'n voorbeeld van só 'n kontrak!

**Hoe werk 'n huis-koop kontrak?**

***Kom ons sê jy gaan koop 'n huis van R240,000-00 by 'n huiseienaar***

- Wat onderneem **jy** om te doen?
- Wat onderneem die **huiseienaar** om te doen?
- Wat **gebeur** as óf jy óf die eienaar ***nie*** julle deel van die kontrak nakom nie?

***Kan jy sien…***

- Hier is twee **gelyke** partye – jy en die vorige eienaar.
- **Jy** onderneem om geld by die bank te leen en vir die huis te betaal.
- Die vorige **huiseienaar** onderneem om die huis se toestand te waarborg.

- **Jy** onderneem om elke maand R3000 te betaal tot die motor afbetaal is.
- Die **vorige huiseienaar** onderneem om die huis in 'n perfekte toestand te oorhandig.

- **Indien** jy nie die huis afbetaal soos jy onderneem het nie, dan verloor jy die huis.
- **Indien** jy agterkom dat die huis se toestand eintlik slegter was as wat die eienaar voorgehou het, moet die vorige eienaar instaan vir onkoste, want hy het 'n waarborg verskaf met die koop van die huis.

**7. <u>Hoe werk 'n wetsverbond tussen God en mens?</u>**

Dit is 'n kontrak waarin God die mens vasbind aan die eise en die strawwe van die Tien Gebooie. Hierdie verbond klink só:

- As jy die Here dien, sal Hy jou gelukkig maak.
- As jy tot bekering kom, sal God jou God wees.
- As jy jou hart aan God gee, sal Hy jou vrede gee.
- As jy God gehoorsaam, sal Hy jou hemel toe vat.

- Jy moet tot bekering kom, anders gaan jy hel toe.
- Jy moet jou verantwoordelikheid volgens die wet nakom, anders gaan God jou nie liefhê nie.
- Jy moet luister na die Here, anders gaan Hy jou met rampe tref.
- Jy moet tot 'n oorgawe aan God se wil kom voor Hy iets vir jou kan doen.

**8. <u>Die wetsverbond is 'n plakkerskamp-godsdiens</u>**

Kan ons die Tien Gebooie so onderhou dat ons dit nooit oortree nie?

Kom ons lees Romeine 3:9-11: *"9 Waarop kom dit neer? Is ons dan beter as die ander? Glad nie, want ons het al bewys dat Jode en nie-Jode almal in die mag van sonde is. 10 Daar staan immers geskrywe: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, 11 daar is niemand wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie."*

Volgens die Bybel is daar niemand wat met God in só 'n kontrakverhouding kan staan nie. Net om een rede! Die mens is sondaar. Hy kan nie, en hy wil nie, sy deel van die kontrak nakom nie. En as die mens nie sy kant bring nie, dan doen God met die mens wat in die kontrak staan: dit is in die wetsverbond – Hy straf ons.

As jy nie die paaiemente van jou huis kan betaal nie, dan word jy uitgesit en moet jy maar met al die stukkies seil, plastiek, sink en hout wat jy in die hande kan kry – vir jouself ’n pondok in ’n plakkerskamp opsit.

Volgens die Bybel is dit waar al die mense binne die wetsverbond met God, hulleself bevind – binne godsdienstige pondokke. God sluit hulle uit sy liefde, goedheid en sorg uit omdat hulle die kontrak met Hom aanhoudend breek.

**<u>Oefening</u>**

Lees Hebreërs 8: 7 – 13 en kyk of jy die wetsverbond en die genadeverbond in die teksgedeelte kan raaksien!